



**[eduresourceza.com](http://eduresourceza.com)**



**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**  
**GRAAD 12 – VOORBEREIDENDE EKSAMEN**  
**01 September 2023**  
**Vraestel 2**

Tyd: 2½ uur

Eksaminators: C. Walter  
A. van Rensburg

Punte: 100 punte

Moderator: P. Swart  
J. van den Heever

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **11 bladsye**. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:  
Afdeling A Letterkunde (70 punte)  
Afdeling B Transaksionele skryfwerk (30 punte)
3. Beantwoord al die vrae.
4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
5. **Begin elke vraag op 'n nuwe dubbel folio-papier en maak seker dat jou naam en klas daarop geskryf word.**
6. **Trek 'n nasienkantlyn (marker's margin) aan die regterkant van elke bladsy.**
7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genummer is.
8. Buiten by vraag 2 (paragraaf) en vraag 4 (opstel), **laat 'n reël** tussen elke antwoord **oop**.
9. **Vraag 5 en vraag 6 – gebruik die aparte vorms** wat by die vraestel ingesluit is.
10. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.
11. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

**INSTRUKSIES VIR AFDELING A**

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n **nuwe** dubbel **folio-bladsy**.
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van die **paragraaf (Vraag 2)** en **opstel (Vraag 4)** neer.
4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.

**5. Beplanning**

- 5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n paragraaf of opstel te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.
- 5.2 Gebruik die linkerkantste bladsy en skryf die opskrif "BEPLANNING" boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

Voorbeeld:

|                                                                                                                |                                                                                                     |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>Beplanning: Vraag 4</p>  | <p>Vraag 4</p>  |
| <b>Linkerkantste bladsy</b>                                                                                    | <b>Regterkantste bladsy</b>                                                                         |

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, *Donker Web*. Elke vraag moet op 'n **nuwe folio-papier** geskryf word.

## VRAAG 1 UITERLIKE EN INNERLIKE KONFLIK

“Hulle het hom ook probeer doodmaak. Hy het teruggefigt.”

“Maar is hy oukei?” vra ek desperaat.

“Hy is in ICU.”

[bl. 233]

### 1.1 Uiterlike konflik

- 1.1.1 Wie is die persoon wat vermoor is en in die Eerste Rivier gevind is? Wat is aan hierdie persoon gedoen wat as 'n waarskuwing vir ander moet dien? (2)
- 1.1.2 Op watter manier is regter Gericke vermoor? (1)
- 1.1.3 Hoe weet Greg dat sy ma deur die Baker dopgehou word? (1)
- 1.1.4 Nadat Greg in Istanboel aangekom het, het Xander hom gekonfronteer omdat hy 'n item vir hom weggesteek het. Wat was hierdie item? (1)
- 1.1.5 Waarom het oom Dirk Florence toe gekom? (1)
- 1.1.6 Op watter gewelddadige manier is Dok Pienaar in die Kgosi Mampuru gevangenis vermoor? (1)
- 1.1.7 Hoekom lê Greg se pa in ICU? (1)
- 1.1.8 Oom Dirk is in Florence. Oom Dirk stuur vir Greg 'n nota om hom te ontmoet. Greg wag vir oom Dirk by die beeld van Perseus en Medusa. Waaraan herinner die slange vir Greg? (1)

### 1.2 Innerlike konflik

- 1.2.1 Watter skuldgevoelens het Greg teenoor sy pa? (1)
- 1.2.2 Watter verraad pleeg Greg teenoor Plank in Istanboel? Watter onmiddellike nagevolge was daar vir Plank? (2)
- 1.2.3 Nadat Greg die nuus van sy pa hoor, moet hy vir 'n tweede keer 'n keuse maak. Watter keuse staan voor hom? (1)
- 1.2.4 In watter opsig voel Xander skuldig wat Greg betref? Hoe probeer Xander daarvoor te vergoed/op te maak? (2)

[15]

## VRAAG 2

## DIE BAKER SE KINDERJARE

2.1 In *Donker Web* leer ons die Baker ken as 'n gewetenlose karakter. Sy kinderjare het hom gemaak in die man wat as volwassene is.

Skryf 'n **paragraaf van tussen 80 – 120 woorde** oor die Baker en sy kinderjare.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- |                                                                                                                                     |     |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| • Waar het die Baker grootgeword?                                                                                                   | (1) |
| • Watter ander familielid het saam met die Baker grootgeword? Gee die persoon se naam en van. Wat was hulle verwantskap met mekaar? | (2) |
| • Hoe het die Baker hierdie familielid verrai?                                                                                      | (1) |
| • Hoe het die Baker sy liefde vir die gebruik van gif as kind gekry?                                                                | (1) |
| • Watter mishandeling het die Baker aan die hand van sy pa ervaar?                                                                  | (1) |
| • Wat is ironies as jy dink aan hoe die Baker se pa se persoonlikheid van Sondag na Maandag verander het?                           | (2) |
| • Waarom kan die Baker as 'n tipiese psigopaat beskryf word?                                                                        | (1) |
| • Om watter rede was Greg <u>eintlik</u> een aand na Thomas Lawson se huis toe genooi?                                              | (1) |

2.2 Die Baker het Greg en Xander se lewens vir altyd verander. Hulle kinderjare is van hulle gesteel.

- 2.2.1 Wat het met Xander se pa gebeur nadat hy vermoor is? (1)
- 2.2.2 Xander word deur die Baker ontstel. Hoekom vind Xander dit moeilik om kalm te bly? (1)
- 2.2.3 Die Baker erken aan Xander dat dit nie sy idee was om regter Gericke te vermoor nie. Wie se idee was dit? (2 x ½)
- 2.2.4 Greg het sy pa vir 'n tweede keer in die Kgosi Mampuru gevangenis besoek. Wat erken sy pa aan Greg in terme van hulle verhouding? (1)
- 2.2.5 Waarvan wil Greg se pa hom vrymaak? (1)

[15]

## VRAAG 3

“Plank,” sug die woord oor my lippe. Om hom weer te sien, stuit my ‘n oomblik in my spore. Sy lyf is geknak in pyn. Een oog is blou. Bloed by sy mond. Rooi vlekke gesmeer oor sy T-hemp – dieselfde een wat hy die aand in Istanboel aangehad het.

[bl. 283]

In die verhaal speel keuses en verraad ‘n sentrale rol. Greg het ‘n gesprek met Plank. Greg antwoord Plank se vrae so eerlik as moontlik. **Jy is Greg.**

Voltooi die volgende **dialogoog** tussen **Greg en Plank**. Skryf slegs die **vraagnummer en Greg se woorde op jou folio-papier** neer. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.

Plank: Watter toep het julle gebruik om die Baker in Venesië op te spoor? (1)

3.1 Greg: ...

Plank: Watter tipe musiek het bevestig dat jy wel die Baker opgespoor het?

3.2 Greg: ... (1)

Plank: Wat in die foto was ‘n bewys dat die Baker wel in Venesië was?

3.3 Greg: ... (1)

Plank: Jy het Ayla by die Rialto-brug gesoen. Waarom het jy Xander op so ‘n manier verraai?

3.4 Greg: ... (1)

Plank: Waarom het Xander homself met Prometheus vergelyk?

3.5 Greg: ... (1)

Plank: Watter taktiek/tegniek het julle gebruik om die Baker in die besige Venesië op te spoor?

3.6 Greg: ... (1)

Plank: Waarom was jy nie by jou foon toe die toep die Baker geïdentifiseer het nie?

3.7 Greg: ... (1)

Plank: Jy en Xander het die stalletjiesmous gevra waar jou selfoon is. Hy wou eers nie help nie, maar het toe van plan verander. Hoekom?

3.8 Greg: ... (1)

Plank: Wie het jou foon gehad?

3.9 Greg: ... (1)

Plank: Watter 'geskenk' het jy van die stalletjiesmous gekry?

3.10 Greg: ... (1)

Plank: Wat was die waarskuwing wat ek op jou selfoon vir jou getik het?

3.11 Greg: ... (1)

Plank: Na watter plek het jy my gevolg om Valkyrie te ontmoet?

3.12 Greg: ... (1)

Plank: Valkyrie het daar vir jou gesit en wag. Hoe het sy gelyk?

3.13 Greg: ... (1)

Plank: Watter waarskuwing het jou ma jou altyd gegee as jy wraak wil neem?

3.14 Greg: ... (1)

Plank: Wie kan moontlik in die toekoms vir jou 'n bedreiging wees?

3.15 Greg: ... (1)

[15]

**Opdrag:**

Skryf 'n **opstel** van tussen **250 – 400 woorde** oor **hoe die soektog na die Baker gelei het tot die klimaks van die verhaal**. Wat was die uiteinde van die soektog, die gevolge en die oplossing daarvan?

- Jou opstel moet 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

1. Inleiding


**2. Die profiel, voorkoms en karakter van die Baker**

- |                                                                                                                      |       |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------|
| • Gee 'n kort beskrywing van die Baker se voorkoms.                                                                  | 2 x ½ |
| • Greg en Xander het 'n profiel van die Baker opgestel. Watter tipe beroep sou die Baker pas? Motiveer jou antwoord. | 2 x ½ |
| • Wat het met die mense gebeur wat nie met die Baker saamgestem het nie?                                             | 1     |
| • Watter eksperimente het hy op ape gedoen?                                                                          | 1     |

**[4]****3. Die moontlike verdagtes**

- |                                                                  |   |
|------------------------------------------------------------------|---|
| • Waarom pas André Symington by die profiel van die Baker?       | 1 |
| • Waarom dink Greg kan Ayla se pa die Baker wees?                | 1 |
| • Thomas Lawson. Hoekom is hy 'n verdagte?                       | 1 |
| • Hoekom kan Rian Trollip <u>nie</u> die Baker wees <u>nie</u> ? | 1 |

**[4]**

#### 4. Valkyrie

- Watter maatskappy is begin nadat Valkyrie die Baker aan Chris Owen en Dok Pienaar voorgestel het? 1
  - Hoe het die Baker Valkyrie beskou? 1
  - Aan watter mitologiese figuur in *Donker Web* herinner Valkyrie jou? 1
  - Waarom is hierdie mitologiese figuur so gevrees? 1
- [4]**



#### 5. Klimaks en einde van die Baker en sy werk

- Met watter gif is Greg vergiftig? 1
  - Watter simptome ervaar Greg as gevolg van sy vergiftiging? Noem twee simptome. 2
  - Wie het Greg gehelp om die teenmiddel in te spuit? 1
  - Watter program/virus het chaos op die Baker se rekenaars veroorsaak? 1
  - Wat is die nuutste projek van die Baker wat as skokkend beskou kan word? 1
  - Op watter manier het die Baker tot sy einde gekom? 1
  - Op watter manier, dink jy, is Plank dood? 1
- [8]**



#### 6. Slot

Inhoud (20)

Taal en struktuur (5)

**[25]**

**70 punte**

## INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op die relevante **aparte gegewe vorms**:  
 Vraag 5 (bl. 10) - GEEL vorm  
 Vraag 6 (bl. 11). - PIENK vorm
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **elke vraag** neer.
4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
  - Kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk.
  - Interpretasie van die opdrag.
  - Inhoud en idees.
  - Register en toon.
  - Taalgebruik.



## 5. Beplanning

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

5.1 Gebruik die linkerkantste bladsy en skryf die opskrif "BEPLANNING" boaan.

5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

Voorbeeld:

|                                                                                     |                                                                                      |
|-------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------|
|  |  |
| Linkerkantste bladsy                                                                | Regterkantste bladsy                                                                 |

## VRAAG 5

## E-POS

## Situasie:

Dit is Jeremy se voorbereidende (*prelim*) eksamen en Jeremy moes gedurende die vakansie sy *Donker Web* voorberei en geleer het.



## Opdrag:

Skryf 'n e-pos van tussen 150 – 220 woorde aan Jeremy waarin jy hom raad gee oor wat hy behoort te doen en hoe hy sy studies moet beplan. Laat jou lei deur die spotprentjie vir idees asook deur die kolpunte hieronder te volg.

- Wat moet Jeremy in verband met sy **eksamenrooster** se indeling onthou as hy sy studietyd beplan?
- **Hoe lank** voor die tyd moet hy begin hersien en **hoe gaan hy tydens die eksamen** vir die vakke studeer?
- Op watter **metode/manier** gaan hy sy werk moet leer?
- Hoe lank moet sy **rusperiodes** wees? Wanneer moet hy gaan slaap? ens.

## Instruksies:

- **Gebruik die relevante aparte (GEEL) vorm.**
- Jy kan jou paragrawe volgens die bostaande kolpunte indeel.
- Jou e-pos moet ook 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê.
- Die inhoud van jou e-pos moet tussen 150 – 220 woorde lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou e-pos neer.**

[20]

VRAAG 6

Situasie:

Jy moet 'n seun/meisie vra om na die **matriekdans** te gaan.



Opdrag:

Skryf 'n **WhatsApp-boodskap** van tussen **60 – 100** woorde waarin jy die volgende aspekte dek:

- Jy moet hom/haar **vra** om saam met jou te gaan.
- Jy moet aan die persoon '**n rede gee** waarom jy hom/haar vra.
- Jy moet die persoon **oortuig** waarom hulle jou uitnodiging ernstig moet oorweeg (*consider*).

Instruksies:

- **Gebruik die relevante aparte (PIENK) vorm.**
- Die inhoud van die WhatsApp-boodskap moet tussen **60 – 100 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou e-pos neer.**

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte